



## Dag 13

# Palmsondag

Almal sit doodstil en maak hulle oë toe. Luister na al die geluide wat jy kan hoor, bv. 'n voëltjie wat sing, motors wat ry, jou eie asemhaling, ens. Ek wonder watter geluide vir julle mooi was en watter geluide julle gepla het. Kom ons maak elkeen die geluid van 'n motor. Ons het nou na verskillende geluide geluister en self soos motors gemaak. Ek wonder watter tipe motor Jesus gery het?



**Woord:** Matteus 21:1-11

(video van storie ook beskikbaar by: <https://www.bible.com/af/kids>)



Die Sondag wat verby is, was PALMSONDAG 🌴. Kom ons kyk bietjie wat dit beteken.

In Jesus se tyd was daar nie motors soos ons dit vandag ken nie en hulle het meestal gestap tot waar hulle wou wees. Ryk mense en konings het op jong kamele in Jerusalem ingery om hulleself vir die mense te wys. Jesus, God se seun, was egter nederig en het op 'n jong donkie die stad ingery!

Jesus het baie na baie plekke gestap waar Hy baie wonderwerke gedoen het en mense van God geleer het. Eendag roep Hy Sy dissipels en sê vir hulle: “Ons gaan nou Jerusalem toe.”

Op pad na Jerusalem het hulle by 'n klein dorpie gestop. Dit was nie ver van Jerusalem af nie. Daar het Jesus vir twee van sy dissipels 'n snaakse opdrag gegee.

Gaan na die dorpie daar reg voor julle, en net soos julle inkom, sal julle daar 'n donkie kry wat vasgemaak is en 'n vul by haar het. Maak haar los en bring hulle vir My. En as iemand vir julle

## Durbanville Gemeente - Bybelstudie vir families

iets daarvoor sê, antwoord dan: Die Here het hulle nodig en Hy sal hulle gou weer terugstuur. Die twee dissipels het toe vooruit gegaan en gedoen wat Jesus hulle beveel het. Hulle het die donkie en die vul gebring, van hulle klere op die diere gesit, en Jesus het opgeklim. Daar was nie 'n lekker sagte komborsie of 'n saal of 'n kussing om op die donkie te sit nie.

Die grootste deel van die skare het van hulle klere op die pad oopgegooi. Die mense was vreeslik bly om vir Jesus te sien, want hulle het geglo dat Hy die volgende koning sou word wat hulle van die Romeine sou bevry. Hulle het Hom soos 'n koning behandel en hul klere op die pad gegooi as bewys dat Hy hulle koning is.

Ander het takkies van die bome afgebreek en dit op die pad gestrooi. Hulle het palmtakke van die bome afgepluk en ook op die pad voor die donkie se hoewe gestrooi en hulle het die palmtakke geswaai wanneer Jesus verbygekom het.

Die mense wat voor Jesus geloop het en dié wat agter Hom aangekom het, het begin uitroep: 'Prys die Seun van Dawid! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom! Prys Hom in die hoogste hemel!'

Toe Jesus in Jerusalem ingaan, het die hele stad in beroering gekom en gevra: 'Wie is hierdie man?' Die skare het geantwoord: 'Dit is die profeet Jesus van Nasaret in Galilea!' Daarna het Jesus na die tempel gegaan om blindes en kreupeles gesond te maak.

### Gesels as gesin oor die volgende vrae

1. Weet jy nou met watter voertuig Jesus gery het?
2. Wie in die verhaal sou jy graag wou wees?
3. Wat sou jy vir jou familie gaan vertel het as jy daar was?
4. Wat maak hierdie verhaal spesiaal?












Hierdie storie laat my dink aan 'n filmster wat uit 'n lang kar klim en op 'n rooi tappyt afstap. Die mense was vreeslik opgewonde om Jesus te sien. Tog het Jesus hom niks belangriker as hulle geag nie. Hy het nie eers gerus nadat hy daar aangekom het nie. Hy is dadelik na die tempel om die siekes gesond te maak.

### Gebed

Here help ons om ook altyd nederig te bly. Dankie vir die voorbeeld wat U vir ons gestel het.

### Aktiwiteit 1

Kom ons leer hoe om 'n donkie te teken.



## Aktiwiteit 2

Dit is die gebruik by baie kerke om op Palmsondag palmkruisies uit te deel. Dit word van palmlare gemaak. Dis nogal 'n uitdaging, maar lekker om te maak as jy dit eers regkry!



Jy kan hierdie een ook probeer as jy sukkel: <https://www.wikihow.com/Make-a-Palm-Frond-Cross>

### Palm Leaf Cross Directions

Supplies: One palm leaf strip about 24-26" in length, 1/2" in width, tapering to the end.

